



I(a) – WKOD-riglyn: Vryskelding van bywoning van openbare skole

| | | |
|---|--|---|
| Tak: Inrigtingsontwikkeling en -koördinerings | I(a) – WKOD-riglyn: Vryskelding van bywoning van openbare skole | |
| I – WKOD-riglyn | Uitgereik: 3 Julie 2020 | Hersiening soos en wanneer benodig word |

Goedgekeur deur die Hoof van die Departement:



BK Schreuder

Datum: 3 Julie 2020

I(a) – WKOD-RIGLYN: VRYSKELDING VAN BYWONING VAN OPENBARE SKOLE

1. Doel

Om riglyne te verskaf aan prinsipale en skoolbestuurspanne (SBS'e) van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) oor hoe om leerders te hanteer wie se ouers/voogde nie hul kind skool toe wil stuur binne die afsienbare tyd, hetsy weens komorbiditeite of nie.

2. Nuwe direktiewe

Die Departement van Basiese Onderwys het op 23 Junie 2020 in Goewermentskennisgewing 343, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 43365 van 28 Mei 2020 nuwe direktiewe vrygestel, kragtens Regulasie 4(3) van die regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002).

Indien 'n ouer/voog van 'n leerder by 'n openbare skool nie hulle kind skool toe wil stuur binne die afsienbare tyd nie, moet hulle aansoek doen by die Hoof van die Departement wat kragtens artikel 4 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996) 'n leerder tydelik en voorwaardelik mag vryskeld van verpligte skoolbywoning, as dit in die leerder se belang is. Ons sal die situasie van tyd tot tyd assesseer en ouers betyds via die skool inlig wanneer hierdie toegewing beëindig word.

Hierdie riglyn vervang dus die riglyn wat voorheen as WKOD-riglyn I: Hantering van leerders met komorbiditeite uitgestuur is.

Die volgende opsies is beskikbaar vir ouers/voogde indien hulle nie hulle kind skool toe wil stuur nie:

Opsie 1: Aansoek om 'n leerder **met komorbiditeite** tydelik van verpligte skoolbywoning vry te skeld.

Opsie 2: Aansoek om 'n leerder (sonder komorbiditeite) tydelik en voorwaardelik van verpligte skoolbywoning vry te skeld.

Opsie 3: Intrekking van leerder se registrasie en aansoek om tuisonderrig.

3. Opsie 1: Aansoek om 'n leerder met komorbiditeite tydelik van verpligte skoolbywoning vry te skeld

3.1 Wat is komorbiditeite

Daar is baie omskrywings vir komorbiditeite. In hierdie riglyn word 'n komorbiditeit beskryf as ander chroniese onderliggende mediese toestande of 'n gelyklopende siektetoestand wat kan vererger as dit met COVID-19 gepaard gaan. 'n Lys kan in Bylae A verkry word.

3.2 Stappe wat gedoen moet word

3.2.1 'n Ouer/Voog moet aansoek doen by die Hoof van die Departement om vryskelding van verpligte skoolbywoning na oorlegpleging met die prinsipaal.

3.2.2 Die WKOD het voorheen WKOD-riglyn I: Hantering van leerders met komorbiditeite vrygestel: <https://wcedonline.westerncape.gov.za/back-school>. Ouers/voogde kan aansoek doen om 'n toegewing weens 'n komorbiditeit wat verband hou met die COVID-19-pandemie. Die aansoek moet direk aan die prinsipaal gestuur word.

3.2.3 Hierdie proses is nie meer van toepassing nie. 'n Ouer/Voog moet nou by die Hoof van die Departement aansoek doen om vryskelding van verpligte skoolbywoning.

3.2.4 Om aansoek te doen, moet die ouer/voog die volgende dokumente voltooi en indien:

- Bylae B(1) wat die redes vir hulle aansoek om vryskelding staaf.
- 'n Verslag deur die mediese praktisyn wat na hulle kind se toestand omsien en die mediese geskiedenis daarvan.
- Die ouer/voog moet hul daartoe verbind en instem dat hulle verantwoordelikheid sal aanvaar vir hul kind se tuisleer deur Bylae C te voltooi waarin die voorwaardes uiteensit word waaraan die betrokke ouer/voog moet voldoen.

3.2.5 Die ouer/voog moet 'n afskrif van Bylae B(1), die mediese verslag en Bylae C by die prinsipaal indien.

3.2.6 Die prinsipaal moet 'n afskrif van die aansoek bewaar en die aansoekvorms by die Hoof van die Departement indien via die volgende e-posadres:

- Sigamoney.Naicker@westerncape.gov.za
- (cc) iLhaam.Manan@westerncape.gov.za

3.3 **Die ouer/voog se verantwoordelikhede**

3.3.1 Die ouer/voog moet verantwoordelikheid aanvaar en daartoe instem (Bylae C) om toesig te hou oor hul kind se tuisleer.

3.3.2 Dit sluit in om:

- 'n bevorderlike omgewing vir hul kind se tuisleer te skep;
- verantwoordelikheid te aanvaar vir die toesig van die daaglikse tuisleer van hul kind, ingeslote daaglikse werk en assesserings;
- verantwoordelikheid te aanvaar dat hulle ingelig is oor watter werk geleer moet word en watter werk op 'n daaglikse basis afgehandel moet word; en
- toesien dat alle werk en werkopdragte by die skool afgehaal en afgelewer word, soos volgens die vereistes en met toestemming van die skool.

3.3.3 Die ouer/voog moet aanvaar dat, indien daar nie aan die bogenoemde voorwaardes voldoen word nie, hierdie vryskelding van verpligte skoolbywoning opgehef kan word.

3.3.4 Die ouer/voog moet aanvaar dat wanneer die toegewing beëindig word, hulle kind moet terugkeer skool toe. As die kind of die leerder dan sonder 'n geldige rede langer as 10 dae van die skool afwesig is, sal die leerder se registrasie ingetrek word.

3.3.5 Indien 'n ouer/voog nie instem tot die verantwoordelikhede hierbo nie, moet die leerder terugkeer skool toe.

3.4 **Die skool se verantwoordelikheid**

3.4.1 Onderwysers moet daaglik of weeklik vir sulke leerders werk voorberei en dit aan die ouer/voog of leerder beskikbaar stel.

3.4.2 Onderwysers moet die voltooide werk of opdragte ontvang, dit nasien en aan die leerder terugstuur.

3.4.3 Onderwysers moet met die ouer/voog skakel oor reëlings vir die nodige assesserings.

4. Opsie 2: Aansoek om 'n leerder (sonder komorbiditeite) tydelik van verpligtende skoolbywoning vry te skeld

4.1 Redes vir vryskelding

Die redes vir die ouer/voog om aansoek te doen vir tydelike en voorwaardelike vryskelding van 'n leerder van verpligte skoolbywoning, moet duidelik in Bylae B (2) uiteengesit word.

4.2 Stappe wat gedoen moet word

4.2.1 'n Ouer/Voog moet aansoek doen by die Hoof van die Departement om vryskelding van verpligte skoolbywoning na oorlegpleging met die prinsipaal.

4.2.2 Die ouer/voog moet die volgende voltooi:

- Bylae B(2) wat die redes vir hulle aansoek om vryskelding staaf.
- Die ouer/voog moet hul daartoe verbind en instem dat hulle verantwoordelikheid sal aanvaar vir hul kind se tuisleer deur Bylae C te voltooi waarin die **voorwaardes** uiteensit word waaraan die betrokke ouer/voog moet voldoen.

4.2.3 Die ouer/voog moet 'n afskrif van Bylae B(2) en Bylae C by die prinsipaal indien.

4.2.4 Die prinsipaal moet 'n afskrif van die aansoek bewaar en die aansoekvorms by die Hoof van die Departement indien via die volgende e-posadres:
Schooling.exemption@westerncape.gov.za.

4.3 Die ouer/voog se verantwoordelikhede

4.3.1 Die ouer/voog moet verantwoordelikheid aanvaar en daartoe instem (Bylae C) om toesig te hou oor hul kind se tuisleer.

4.3.2 Dit sluit in om:

- 'n bevorderlike omgewing vir hul kind se tuisleer te skep;
- verantwoordelikheid te aanvaar vir die toesig van die daaglikse tuisleer van hul kind, ingeslote daaglikse werk en assesserings;
- verantwoordelikheid te aanvaar dat hulle ingelig is oor watter werk geleer moet word en watter werk op 'n daaglikse basis afgehandel moet word; en
- toesien dat alle werk en werkopdragte by die skool afgehaal en afgelewer word, soos volgens die vereistes en met toestemming van die skool.

- 4.3.3 Die ouer/voog moet aanvaar dat, indien daar nie aan die bogenoemde voorwaardes voldoen word nie, hierdie vryskelding van verpligte skoolbywoning opgehef kan word.
- 4.3.4 Die ouer/voog moet aanvaar dat wanneer die toegewing beëindig word, hulle kind moet terugkeer skool toe. As die kind of die leerder dan sonder 'n geldige rede langer as 10 dae van die skool afwesig is, sal die leerder se registrasie ingetrek word.
- 4.3.5 Indien 'n ouer/voog nie instem tot die verantwoordelikhede hierbo nie, moet die leerder terugkeer skool toe.

4.4 **Die skool se verantwoordelikheid**

- 4.4.1 Onderwysers moet daaglik of weeklik vir sulke leerders werk voorberei en dit aan die ouer/voog of leerder beskikbaar stel.
- 4.4.2 Onderwysers moet die voltooide werk of opdragte ontvang, dit nasien en aan die leerder terugstuur.
- 4.4.3 Onderwysers moet met die ouer/voog skakel oor reëlings vir die nodige assesserings.

5. **Opsie 3: Intrekking van leerder se registrasie en aansoek om tuisleer**

- 5.1 Indien 'n ouer hulle kind se registrasie by die skool wil intrek en aansoek wil doen vir 'n leerder om onderrig tuis te ontvang (tuisonderrig), moet hy/sy voldoen aan die regsvereistes vir die voorsiening van tuisonderrig, soos in artikel 51 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996) beoog.
- 5.2 Toegang tot die beleid oor tuisonderrig, 2018, die rolle en verantwoordelikhede van ouers en die aansoekvorm kan verkry by: <https://wcedonline.westerncape.gov.za/home-education>.
- 5.3 'n Leerder wie se registrasie by die skool ingetrek is, moet weer aansoek doen om toelating en aan die toelatingsvereistes voldoen indien hulle na 'n openbare skool wil terugkeer.